

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 124

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Weg met die Huwelik -- en dan

Het u ook al gehoor dat daar mense is wat sê dat die huwelik 'n verouderde instelling is?

Dit is iets wat goed was vir ons oupas en oumas, maar tye het verander. Die moderne mens wil nie meer so gebonde wees soos in 'n huwelik nie. Hy wil vry wees.

Om lewenslank aan een man *of* vrou gebind te wees — nee, dit is te prosaïes. Die lewe sal baie meer opwindend en interessant wees as daar 'n voortdurende wisseling van "huweliksmaats" is, as 'n mens soos 'n vlinder voortdurend van die een blom na die ander blom kan vlieg.

Maar nou wil ek u daaraan herinner dat die huwelik 'n instelling van God is en nie van mense nie. Daarom geld ook daarvan *dat wie hierdie instelling van God weerstaan, hulle oordeel sal ontvang* (Rom. 13:2).

En om nou vir u te bewys watter waarheid in hierdie uitspraak in God se Woord geleë is, wil ek aan u nie 'n uitgedinkte verhaaltjie nie, maar 'n stukkie *werklike geskiedenis* vertel, naamlik wat in Rusland gebeur het toe die Kommuniste na die rewolusie in 1918 die bewind daar oorgeneem het.

'n Persoon wat weet wat daar gebeur het, is prof. Pitirim Sorokin. Hy skets die verloop van sake soos volg:

Gedurende die eerste periode na die rewolusie het die Kommunistiese leiers doelbewuste pogings aangewend om die huwelik en die gesinslewe te vernietig. Vrye liefde is baie sterk aangemoedig met die sogenaamde glas-met-water-teorie: as 'n persoon dors is, is dit van geen belang watter glas hy gebruik om sy dors te les nie. Net so onbelangrik is dit hoe hy sy seksuele honger bevredig. Die wetlike onderskeid tussen seksuele omgang binne en buite die huwelik is nietig verklaar. In die Kommunistiese wet was daar alleen sprake van "kontrakte" tussen mans en vrouens met die oog op die bevrediging van hulle begeertes vir enige bepaalde of onbepaalde tydperk — 'n jaar, 'n maand, 'n week, of selfs vir 'n enkele nag. 'n Persoon kan trou en skei net so dikwels as hy of sy wou. 'n Man of 'n vrou kon 'n egskeiding verkry sonder dat die ander party daarvan kennis dra. Dit was selfs nie nodig dat "huwelike" geregistreer moes word nie. "Huwelike" met twee of meer vrouens was ten volle toelaatbaar volgens die nuwe reëlins. Vrugafdrywings het in staatsinrigtings plaasgevind. Voorhuwelike seksuele omgang is aangemoedig en buite egtelike seksuele verkeer is beskou as normaal.

Die ou nuttigheidstoets: "Aan hulle vrugte sal julle hulle ken", het ook die antwoord gegee op die vraag of hierdie seksuele vryheid nuttig en voordelig was.

Binne enkele jare het hordes wilde en huislose kinders 'n werklike bedreiging vir die Sowjetunie self geword. Miljoene lewens is verwoes, veral dié van jong dogters. Egskeidings en vrugafdrywings het die hoogte ingeskiet. Die haatdraendheid en botsings tussen die vrouens wat aan een man verbonde was of wou wees en die mans wat aan een vrou verbonde was of wou wees, het baie gou gegroei en bykans so groot soos berge geword. Dieselfde het met geestesiektes gebeur. Produktiewe werk in die genasionaliseerde industrieë het sterk afgeneem.

Die gevolge was so ontsettend dat die regering verplig was om sy beleid te wysig. Die propaganda met die glas-met-water-teorie is verdoem as 'n teenrewolusie en in die plek daarvan is 'n ophemeling van voorhuwelike kuisheid en reinheid binne die huwelik gestel. Vrugafdrywing is verbied behalwe, sedert 1945, in uitsonderlike gevalle, byvoorbeeld

wanneer die gesondheid van die moeder dit vereis en soortgelyke oorwegings. Die moontlikheid om te skei is geweldig beperk. 'n Wet wat op 14 Julie 1944 uitgevaardig is, het egskeiding bykans onmoontlik gemaak. Die kringloop is nou feitlik voltooi en 'n effense verligting van die uiters streng beheer oor die seksuele lewe het tot gevolg dat dit nou ongeveer normaal is. Sowjet-Rusland het vandag 'n meer monogame, stabiele en Victoriaanse gesins- en huwelikslewe as die meeste Westerse lande.

As in ag geneem word dat die kringloop voltooi is tydens die bewind van 'n enkele regering, is hierdie "eksperiment" besonder insiggewend. Dit toon duidelik aan watter destruktiewe gevolge uit onbeperkte seksuele vryheid voortvloei, veral ten opsigte van skeppende krag en vooruitgang. Gedurende die periode tussen 1918 en 1926 toe hierdie seksuele vryheid hoogty gevier het, is die Sowjetregering se tyd in beslag geneem deur 'n bekamping van die afbrekende magte in eie geledere sodat die Russiese volk nie in staat was om veel tot stand te bring ten opsigte van positiewe reorganisasie en skeppende kulturele groei nie.

Na 1930, toe die bekamping van seksuele vryheid hoofsaaklik afgehandel was, het die negatiewe werk van die regering afgeneem en sy positiewe en konstruktiewe werk met rasse skrede begin vooruitgaan.

Tot sover prof. Sorokin.

Hier kan ons sien hoe dit met hulle gaan wat God se instelling weerstaan.

Hieruit het die Kommuniste belangrike lesse geleer.

Eerstens: As hulle hulleself wil beskerm en hulle saak wil bevorder, moet die huwelik en gesinsverband so goed as moontlik bewaar, beskerm en bevorder word. Hulle moet — teen wil en dank — God se instelling nie weerstaan nie.

Tweedens: As hulle 'n ander volk se krag wil breek om dit uiteindelik te kan oorwin, moet hulle deur subtiele propaganda die huwelik daar probeer ondermyn en in diskrediet bring en vrye, onbelemmerde, onbeheerste seksuele verkeer so sterk as moontlik propageer.

So stel hulle hulleself in diens van satan om die kerk van die Here te probeer breek en die krag van die volke waar die Christendom, veral ten opsigte van die huwelik, nog 'n sekere invloed het, af te takel.

Gaan u met hulle goddelose aksies saamwerk en die toekoms van die kerk en volk in gevaar stel?

P. J. de Bruyn.

Die groen gras anderkant die draad

U ken tog seker die spreekwoord: Die gras anderkant die draad lyk altyd groener as aan die duskant van die draad.

Toegepas op die huwelik beteken dit gewoonlik die volgende: U is tans getroud, maar tog nie so gelukkig as wat u graag wou wees nie. Daar is soms botsings in u huidige huwelik, krisisse duik van tyd tot tyd op en u voel onbevredig oor bepaalde leemtes wat eintlik gevul moes gewees het. Maar nou het u so 'n wonderlike persoon ontmoet. 'n Huwelik met hom/haar sal — so lyk dit vir u — al die probleme en leemtes wat u tans aanvoel of ervaar onmiddellik uitskakel. En nou begin u drome droom oor so 'n moontlike huweliksverbintenis; u begin om dit te idealiseer. U soek die persoon se geselskap op. En u dink: Dit sal fantasties wees om met hom/haar getroud te wees!

Dit is dan wanneer die gras anderkant die draad baie groener lyk as waar u tans is.

Vanselfsprekend gaan die gevoelens direk u huidige huwelik beïnvloed. Die probleme wat tevore daar was, is ewe skielik baie groter. Die leemtes daarin word uitgereken na gapende afgronde. U vind fout met alles wat u huidige lewensmaat doen. U kan nie verstaan hoe u dit so lank kan uthou nie.

Dis verstaanbaar: U hart is nie meer daarin nie.

Die groen gras anderkant die draad lok en roep.

Maar mag ek u vertel wat iemand aan my gesê het wat in so 'n situasie dit toe wel gewaag het om oor die draad te klim?

Hy het gesê dat hy toe gevind het dat die gras inderdaad groener was, maar tussen die groen gras was daar soveel slange en skerpioene en krappe en moddergate en dorings dat hy besluit het om maar weer terug te keer na die ou "vaal" grassies van vroeër. Gelukkig *kon* hy nog teruggaan!

Die Bybel ken ook hierdie groen gras anderkant die draad en hy waarsku ons ernstig daarteen — dis glad nie so lekker as wat dit lyk nie en soms selfs baie bitterder as wat 'n mens ooit kon dink.

In Spr. 5 lees ons: "Die lippe van die vreemde vrou drup heuningstroop, en haar verhemelte is gladder as olie, maar op die end is sy bitter soos wildeals, soos 'n swaard aan weerskante skerp . . . Hou jou weg ver van haar af en kom nie naby die deur van haar huis nie".

En nog skerper klink die verwyte van Christus aan die gemeente van Efése — 'n verwyte wat beslis óók op man en vrou in die huwelik van toepassing kan wees: "Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het" (Openb. 2:4). Jy het ontrou geword aan die vrou (of man) van jou jeug (Mal. 2:14).

Pasop vir daardie groen gras, want die gebooie van die Here klim beslis nie saam met u oor die draad nie. U weet seker wat dit beteken.

P. J. de Bruyn.

SAL U HAAR OOIT KAN VERTROU ?

U is 'n getroude man. Maar nou het u 'n verhouding met 'n ander vrou — wat ook getroud is.

U vrou weet dit nie. Haar man ook nie.

U en die ander vrou ontmoet mekaar in die geheim. En . . . dis nogal opwindend ook !

Verskonings waarom u nie tuis was toe u daar moes wees nie, kan nogal maklik gevind word — al is dit gewoonlik nie so waterdig soos u miskien dink nie.

Sy kan sê dat sy net by 'n vriendin was.

U kan sê dat u baie werk op kantoor gehad het wat u móés afhandel, of 'n onderhoud wat langer geduur het as wat u verwag het. En dit het oor 'n belangrike saak gegaan; u kon dit nie beëindig of onderbreek nie.

Uiteindelik word dié punt bereik waar beide van u begin dink aan en praat van egskeding, sodat u met mekaar kan trou.

Wat 'n wonderlike vooruitsig — al weet u dat die egskedings ook hulle probleme sal meebring.

Maar wat gaan gebeur as u eendag werklik getroud is?

Onthou, sy kul nou haar man om met u te kan verkeer. Sy omhels haar man nie meer nie omdat u omhelsing vir haar voldoende is. En ú tree natuurlik op soortgelyke wyse op teenoor u vrou.

Het u al daaraan gedink dat as u eendag met haar getroud is en die eerste tydjie van opwinding verby is, sy met ú sal doen wat sy tans met haar huidige man doen?

Sal u haar ooit kan vertrou? En sal sy u kan vertrou? Albei van u het immers goeie rede om mekaar te wantrou. En wat beteken 'n huwelik wat op wantroue gegrond is?

So 'n huwelik bring in elk geval geen geluk en vreugde nie maar veel eerder onrus, onsekerheid, angs, jaloesie en dergelike gevoelens.

Dit moet u nie verbaas nie, want 'n mens sondig nooit goedkoop nie. Wie die weë van die Here verlaat en sy gebooe minag, moet uiteindelik 'n baie duur prys daarvoor betaal — meesal 'n prys wat groter is as waartoe 'n mens in staat is.

U weet wat gebeur as 'n mens bokant jou inkomste lewe en hoër wil vlieg as wat jou vlerke lank is. Dan koop jy 'n luukse artikel op huurkoop wat jy eintlik nie kan bekostig nie. Jy betaal die deposito en hou 'n rukkie vol met die maandelikse paaielemente, en dan kan jy nie meer nie.

En wat gebeur dan?

Die artikel word teruggeneem en u verloor boonop alles wat u reeds daarop afbetaal het. Dan is u armer as voor u dit gekoop het.

So kan dit ook gaan met hierdie "nuutgevonde liefde" van u en die huwelik waarop dit miskien kan uitloop. U wil 'n artikel koop wat vir u te duur is omdat God dit nie vir jou bestem het nie. Daarom loop u gevaar om dit te verloor én alles wat u daarvoor opgeoffer het. Die kool is die sous nie werd nie.

Die Here waarsku u om weg te bly van die "ander vrou" af. En ek wil u beleefd vra om asseblief 'n Bybel te neem en Spreuke 5, 6 en 7 te lees. In die situasie waarin u verkeer, is dit

noodsaaklik om daarvan kennis te neem.

Die Here wys u die regte weg aan wat u moet betree as Hy aan u sê: "Drink water uit jou *eie* reënbak en strome uit jou *eie* put . . . Mag jou fontein geseënd wees, en verheug jou oor die vrou van jou jeug — die lieflike wildsbokkie en aanvallige steenbokkie; laat háár boesem jou altyd vermaak, mag jy in haar liefde gedurigdeur bedwelmd wees. Maar waarom sou jy, my seun, by 'n vreemde bedwelmd raak en die boesem van 'n ontugtige omhels? Want elke mens se weë is voor die oë van die Here, en Hy weeg al sy gange. Sy eie ongeregtighede vang hom, die goddelose, en in die vangstrikke van sy sonde word hy vasgehou. Hy sal sterf deur gebrek aan tug . . ." (Spr. 5:15, 18—23).

P. J. de Bruyn.

EGSKEIDING

So, dan het u nou finaal besluit om maar te skei?

Ja, dit kan deesdae nogal redelik maklik geskied. Dit kos wel 'n klompie geld, maar 'n mens kan darem altyd 'n plan maak.

Ek verstaan.

Maar tog wil ek u vra om eers oor 'n belangrike saak na te dink.

Besef u dat u nou 'n weg betree waarop *die seën van die Here beslis nie rus nie? Of, om dit nog duideliker te stel: Besef u dat u 'n weg betree wat uitdruklik deur God verbied word? Die Here sê dit tog uitdruklik in die Tien Gebooie: "Jy mag nie egbreek nie" (Ex. 20:14).*

En boonop is dit ook nie die enigste plek in die Bybel waar die Here egskeiding veroordeel nie.

Ons lees dat die Here by monde van die profeet Maleagi aan *die* Jode gesê het: "En boonop doen julle dit: Julle bedek die altaar van die Here met trane, met geweene en versugting, omdat Hy Hom nie meer wend na die offer nie en dit van julle hand nie aanneem as welgevallig nie. En julle vra: Waarom? Omdat die Here getuie is tussen jou en die vrou van jou jeug aan wie jy ontrou geword het, terwyl sy tog jou metgesel is en die vrou van jou verbond . . . *Want Ek haat egskeiding, sê die Here*" (Mal. 2:13-16).

En as Christus gevra word wat *Hy* van egskeiding dink, sê *Hy* presies dieselfde. *Hy* sê: "Wat God saamgevoeg *het*, mag geen mens skei nie . . . Ek sê vir julle, *elkeen wat van sy vrou skei, behalwe oor hoerery, en 'n ander een trou, pleeg egbreuk; en die wat die geskeide vrou trou, pleeg egbreuk*" (Matt. 19:6, 9).

Ek hoop dat dit vir u nou duidelik is dat u teen die wil van God handel as u deurgaans met u voorgenome egskeiding.

Egskeiding is sonde, wetsoortreding, ongehoorsaamheid. Dit is 'n weg waarop u *nie* kan staat maak op die hulp en die seën van die Here nie, en . . . as die Here nie ons handeling seën nie, dan sal dit niks anders oplewer as smart, verdriet, selfverwyt, onrus, skuldgevoelens, ens. nie, en beslis nie geluk en vreugde nie.

Dink ook aan die woorde van Ps. 127: "As die Here die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou; as die Here die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter".

Ek is daarvan bewus dat Christus gesê het dat owerspel wel 'n wettige rede vir egskeiding is (Matt. 19:9). En veral as so 'n owerspel nie slegs 'n enkele maal nie maar by herhaling voorkom, word dit soms 'n onmoontlike situasie en bly daar vir 'n mens geen ander weg oop as egskeiding nie.

Maar al sê Christus dat u dan *die reg* het om te skei, sonder om u voor God te besondig, sê Hy nog nie dat u *moet* skei nie. Deur berou, skuldbelydenis en vergewing sal selfs dan baie meer bereik word as deur 'n egskeiding.

U dink miskien dat ek koud, hard en gevoelloos is en geen begrip het vir alles wat u tans moet deurmaak nie.

Maar dit is nie so nie. Ek het al te dikwels met die verskriklikste huweliksprobleme te doen gekry om nou daarvan beskuldig te word dat ek nie weet waarvan ek praat nie. Maar daarom kan ek u ook verseker dat baie van daardie egskeidings geen oplossing gebied het nie, maar veel eerder 'n sprong gewees het uit die pan in die vuur — veral waar mense skei omdat hulle

reeds voor die egskeiding 'n verhouding met 'n ander persoon aangeknoop het.

Ek is nie hard en gevoelloos nie. Maar ek wil u net betyds waarsku: As u op 'n pad gaan wat God nie seën nie, moet u daarmee rekening hou dat die vreugde en geluk wat u hoop om deur u egskeiding te verkry, dalk soos 'n kaarthuis inmekaar sal stort. En die tweede dwaling sal erger wees as die eerste.

Ek sou u 'n verskriklike onreg aangedoen het as ek u nie betyds gewaarsku het en op God se wil gewys het nie.

P. J. de Bruyn.

Kan ons huwelik nog gered word?

JA, dit kan, want by God is niks onmoontlik nie!

Maar daarmee het ek ook die enigste weg aangewys waarop herstel moontlik is: Deur die genade van God en deur die krag van God.

Maar ek wil dadelik waarsku: Om 'n geskende huwelik wetties te probeer reg dwing, is by voorbaat tot mislukking gedoem. 'n Stukkende huwelik moet nie herstel met koue, klipharde eise soos: Van nou af móét jy dit! Voortaan mág jy nie dat nie! Dit sal die breuk wat daar gekom het, net vergroot.

Verstaan my goed: Daar *is* baie beslis eise en verpligtinge waaraan man en vrou in die huwelik *moet* voldoen. Die Here self leer ons dit baie duidelik in Sy Woord.

Maar wat ek hier wil beklemtoon, is dat u u gekraakte huwelik nie gaan heelmaak deur daarmee te begin nie.

U vra: Waar moet ek dan begin?

By God se genade en God se krag.

Eers by God se genade.

Om nou enige misverstand te voorkom, wil ek u vra: Kom ons veronderstel, Meneer, dat u onskuldig is, en dat u, Mevrouw, die skuldige is.

En dan, Meneer, wil ek eers met u gesels. En ons begin deur te praat oor God se genade.

Genade beteken vergewing, en vergewing beteken die herstel van verhoudings.

Genade — dit is wat God in Christus aan ons skenk.

U het in u lewe ook al verskriklik swaar teen God gesondig. Deur u sondes het u Hom beledig, misken en Hom in die gesig geslaan; u het Hom geminag en geterg. Deur u sondes is die verhouding tussen u en Hom versteur. Daar het 'n breuk tussen u en Hom gekom. En as Hy u moes straf na u verdienste, sou daar op u niks anders gewag het as die ewige straf nie.

Maar wat het God toe gedoen?

In sy onbegrensde liefde het Hy sy eie Seun gestuur, Hom aan die kruis laat spyker, al u sondes geneem en dit op Hom geplaas. En Christus het dit gedra. Hy het daarvoor betaal. So het die Here Jesus vir u vergewing van sondes bewerk. So het Hy die verhouding tussen u en God weer herstel.

Dit is 'n geskenk, 'n weldaad wat onbeskryflik groot is. En Hy gee dit aan u gratis, verniet!

En nou verwag Hy van u dat u dié weldaad sal aanneem en dat dit vir u so 'n lewende werklikheid moet wees dat u bereid sal wees om hulle wat teenoor u oortree het, ook van harte te vergewe. Die Here sê dit duidelik in sy Woord: "*Verdra mekaar en vergewe mekaar as die een teen die ander 'n klag het; soos Christus julle vergeef het, so moet julle ook doen*" (Kol. 3:13).

Dit, Meneer, eis die Here nou ook van u.

Ek weet dis nie maklik nie. Om na alles wat gebeur het sommer net te sê: Ek vergewe jou, en dit ook werklik te bedoel — dis baie gevra.

Ek weet dit.

Maar dit is wat die Here, wat al u sondes om Christus ontwil vergewe het, nou ook van u vra.

Dis boonop die enigste weg waarop u huwelik nog gered kan word.

En as u die saak werklik in gebed, in geloof en vertrouwe op God aanpak, dan sal Hy aan u ook die krag gee om dit te kan doen. Daarom het ek hierbo nie net melding gemaak van God se genade nie maar ook van God se krag.

In Jes. 40:31 word tog duidelik gesê: "*Die wat op die Here wag, kry nuwe krag*". Die Here sal aan u die krag gee om, in die lig van Christus se woorde aan die ontugtige vrou (Joh. 8), ook aan u vrou te kan sê: My vrou, ek beskuldig jou ook nie. Kom terug na my toe en sondig nie meer nie.

En nou, Mevrouw, 'n woordjie aan u.

U het oortree.

En as u u huwelik wil red, moenie u sondes probeer wegsteek nie. Bely dit — eerstens voor God, maar ook teenoor u man. En as u dit doen met werklike berou in u hart en met 'n eerlike gemoed, dan *sal* u vergewing van sondes ontvang — by die God van genade in elk geval, en ook by u man as hy handel in die Gees van Jesus Christus.

Vanselfsprekend beteken dit dat u direk en beslis met u sonde moet breek. U moet 'n nuwe lewe begin volgens die woord van Christus: "*Gaan heen en sondig nie meer nie*".

En ook vir u sal dit miskien baie moeilik wees. Daar is daardie gevoel — is dit liefde? — vir 'n ander persoon wat u sal moet afsterf. U sal alles in die stryd moet werp, nie alleen om versoekings te weerstaan nie, maar ook om die liefde en vertrouwe van u man terug te wen.

Dit sal 'n opdraende stryd wees. Dit sal baie selfverloëning van u vra.

Maar ook aan u wil ek die versekering gee dat u dit deur die genade en krag van die Here tog inderdaad *sal kan doen*. Ook in hierdie verband kan u sê: "*Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee*" (Fil. 4:13).

Meneer, Mevrouw, u wankelrige huwelik kan nog gered word — deur te leef uit die genade van God en die krag van God. Maar dan moet beide van u van nou af baie naby aan die Here lewe.

P. J. de Bruyn.

Blywende vreugde in die huwelik

U soek na blywende vreugde in u huwelik.

U sal dit alleen vind as Christus werklik in u huwelik teenwoordig is en daarin teenwoordig bly.

Anders gestel: U huwelik moet 'n afspieëling wees van die verhouding tussen Christus en sy gemeente — wat in die Bybel ook as 'n huweliksverhouding voorgestel word.

Paulus skryf aan die Efesiërs: "Manne, julle moet julle eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het om dit te heilig . . ." En van die eensaamheid van man en vrou in die huwelik sê hy: "Hierdie verborgenheid is groot, maar ek sê dit met die oog op Christus en die gemeente" (Ef. 5:25, 26, 32).

Dit beteken dat u huwelik daagliks gekenmerk moet word deur opofferende liefde vir mekaar, vergewensgesindheid, selfverloëning, berou en skuldbelydenis as iets gedoen is wat nie reg is nie.

Om meer konkreet te wees, wil ek pertinent die aandag vestig op enkele sake wat vir blywende vreugde in u huwelik absoluut noodsaaklik is.

1. Lewe met God

Dit is die vernaamste. As man en vrou werklik met God lewe en voortdurend hulle hulp en krag in die gebed by Hom soek, sal hulle daarin die magtigste steunpilaar vind om die liefde steeds te laat groei en dit te bewaar teen verkoeling. Hulle sal ervaar hoe God te midde van smarte, krisisse en teleurstellings hulle in hulle huwelik sal ondersteun, bewaar en lei, want "die Here sal sy gunsgenote nie verlaat nie" (Ps. 37:28).

So 'n lewe met God sal man en vrou noodwendig daartoe bring om hulle liefde teenoor mekaar steeds te gaan toets aan die maatstaf van die hele Woord van God, maar dan veral aan die volgende treffende woorde uit 1 Kor. 13: "Die liefde is lankmoedig en vriendelik; die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie, handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie bly oor die ongeregtigheid nie, maar is bly saam met die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles".

2. Wees metgeselle vir mekaar

In Mal. 2:14 word die mans verwytd omdat hulle nie meer "metgeselle" vir hulle vrouens is nie.

Wat word met *metgesel* in hierdie verband bedoel? "Dit is iemand wat saam met jou die pad loop. Dit vereis meeewing, saambelewe van alles wat op die pad voorkom. Metgeselle is mekaar tot hulp en steun. Dit beteken: God vereis in die huwelik van man en vrou dat hulle nie elkeen hul eie koers, 'n eie pad sal loop nie, nie op twee lewenspaie sal beweeg wat mekaar soms op een punt raak nie. Metgeselle wandel saam op een pad" (J. J. v.d. Walt).

As metgeselle moet hulle tyd maak vir mekaar: Tyd om aandag te gee aan die laste, vreugde of verdriet wat die ander ervaar en mekaar daarin ondersteun.

As metgeselle moet hulle 'n begrip hê vir mekaar se gevoelens en toon dat hulle dit ook steeds in ag wil neem.

3. Offer vir mekaar

Besiel deur die aangrypende betekenis van Christus se offer vir ons, moet ons bereid wees om

vir mekaar te offer en op te offer. So sal ek my man of vrou daadwerklik laat voel wat dit beteken om 'n huweliksmaat te hê met soveel opofferende liefde. Dit wek waardering en dankbaarheid wat altyd met egte liefde gepaard gaan. Bowendien, 'n offer wat in liefde gebring word, sal nooit swaar wees nie.

Die woorde van Christus: "En elkeen wat van jou een myl afdwing, stap met hom twee myl saam" (Matt. 5:41), kry hier 'n besondere betekenis. Dit beteken dat wanneer man en vrou verplig is om vir mekaar op te offer, hulle nie slegs die noodsaaklike minimum moet doen wat hulle werklik aan mekaar verskuldig is nie, maar meer, baie meer moet doen. So 'n optrede sal ongetwyfeld daartoe bydra om 'n kwynende liefdesvlam weer hoog te laat brand.

4. Vergewensgesindheid.

Sonder vergewensgesindheid is 'n huwelik van twee sondige mense wat boonop op 'n sondige aarde lewe, nie moontlik nie. Daarom moet man en vrou vashou aan die woorde van Paulus as hy sê: "Maar wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; vergeef mekaar soos God in Christus ook julle vergeef het" (Ef. 4:31).

Uit dit alles kan u duidelik sien: As Christus werklik in u huwelik teenwoordig is, is blywende vreugde daarin nie net 'n vae moontlikheid nie maar 'n konkrete werklikheid.

P. J. de Bruyn.

EENSAAMHEID . . .

WEET u wat eensaamheid beteken?

Ken u eensaamheid?

Miskien dink u dit is vreemde vrae om aan mense te vra wat elke dag midde in die gejaag van hierdie lewe staan met eintlik te veel mense rondom jou. Ja ons probeer baiekeer om die drukte te ontvlug en soek na die stilte en die rus van die eensaamheid.

En tog, my vriend, is daar in hierdie lewe duisende bitter-eensame mense wat smag na iemand met wie hulle van hart tot hart kan praat — iemand wat hulle probleme sal verstaan.

Die eensaamheid wat ons daar in die stilte van die natuur opsoek bring rus en salwing vir die gemoed. Dit is 'n heerlike lafenis, Maar om op die straathoek te staan met bittere probleme wat jou folter en mense jaag en stroom by jou verby sonder om 'n oomblik stil te staan en te probeer begryp ... dit is die bitterheid van eensaamheid!

Eensaam tussen baie mense . . .

Eensaam te midde van die georganiseerde en gemeganiseerde eeu waarin ons leef.

Miskien het u ook al in die wagkamer van 'n groot hospitaal gesit met die brandende bekommernis in u binneste oor 'n dierbare kind of vrou wat ernstig siek lê of op daardie oomblik onder operasie verkeer. Buite is die duisternis besig om oor die aarde toe te sak en binne in jou is dit ook besig om donker te word want almal stroom haastig by jou verby en niemand staan by jou stil, en niemand praat, en niemand verstaan nie . . .

Daar het eenkeer in Jerusalem by die Bad van Betesda met sy genesende waters 'n verlamde man gelê. Hierdie man was reeds 38 jaar verlam. Op bepaalde tye het die water van die bad in beroering gekom en die een wat dan eerste ingaan is genees. Vir die arme verlamde man wat daar op die matjie gelê het was die genesing uit sy bittere ellende so naby en tog so ver.

As die Here Jesus Christus by hom gaan stilstaan en vra: "Wil jy gesond word?", is sy eerste reaksie: "HERE, EK HET NIEMAND NIE . . ." In hierdie besige Skaapspoort van die stad is daar niemand wat by my gaan stilstaan nie, daar is niemand wat met my praat nie, wat my probleme probeer verstaan en wat my wil help nie. Almal is haastig.

So eensaam tussen baie mense!

Maar JESUS het by hom gaan stilstaan.

Die HERE het sy probleme verstaan en het hom in liefde genees!

Die Here wil ook by u stilstaan, my vriend. Hy wil ook u eensaamheid wegneem . . . As jy maar net wil luister sal jy dit ook dankbaar kan uitjubel:

"Die Here is my lig en my heil" . . . nooit sal dit vir my te donker word nie.

"Die Here is die toevlug van my lewe" . . . nooit sal ek werklik eensaam wees nie.

A. Myburg.

In die ouderdom

*Genade in die grysheid hou die ouderdom nog jonk
wanneer die wil tot taakvervulling altyd vlam en vonk.
Wie God in awendskaduwees om Sy erbarming vra,
sal somergroen in skemering nog altyd vrugte dra.
En, as die swakheid dringend word, wees in die **HERE** sterk
en wag op Hom, want Hy gee krag aan wie al wagtend werk.
Die mens vervul 'n roepingstaak wat op die **HERE** wag
totdat Hy kom, die Hemelvors, met majesteit en mag
en alles nuut maak deur en om die aarde en hemel heen:
'n jeugdige herborenhed tot roem van God alleen.*

Wag op die Here

As ek nie geglo het dat ek die goedheid van die **HERE** sal sien in die land van die lewendes
nie ...

Wag op die **HERE**! Wees sterk en laat jou hart sterk wees! Ja wag op die **HERE**!
(Psalm 27:13, 14).

*Die liefdesgloed van God se heilige louteringsvuur,
Sy louteringsliefde sal die trae tyd verduur.
Dan breek 'n bresse in die aardse skeidingsmuur
as eers oor my kom daal die eind-bevrydingsuur.
Verleen o Here my, verleen U my die krag
om sterk te wees van hart en help my om te wag;
totdat ek, Here, in hierdie lewe sal aanskou
U goedheid hemelhoog, u eindelose trou.*

Joost Heystek.